DEEL 113 | WEEK 46 | 19 NOVEMBER 2021 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# GENOEG GEHAD VAN STROPERS



Heilbron se Langdam, wat eens gepryk het op bemarkingsmateriaal, is nou 'n seeroog en kopseer vir die gemeenskap. Vandalisme en stropery van geboue het die plek in 'n gevaarsone omskep vir dié wat nog daar 'n rustige piekniek wou hou of visvang. Bome word afgesaag en lyk dit ook asof dit nou gebruik word as 'n koeikamp. Die hekke is nou deur die munisipaliteit gesluit in 'n poging om die stropery te keer. Die ysterpale van die heinings aan die kant van Langmarkstraat is feitlik alles reeds gesteel en lê die heinings plek-plek op die grond. Die Departement van Toerisme gaan toetree tot die situasie en word dit volgens mnr Francis Moketsi, Heilbron se eenheidsbestuurder van Ngwathe, as agendapunt bespreek op die volgende raadsvergadering. Daar is ook met die hulp van SAPD probeer om vandale daar weg te hou.



GELDIG VIR BESTELLINGS OP 23 - 25 NOVEMBER

BLACK Friday DEALS

| | |
|---|---|
| 9m 40t/h Elektriese Awegaar met Staander | - R 22,000 |
| 9m 40t/h Hidroliese Awegaar met Staander | - R 22,600 |
| 3.5m Tapse Aflaaibak | - R 23,100 |
| Graandam (±130t) met Kopseil | - R 19,500 |
| 8.5m Mobiele Bak | - R 137,500 |

DUPNO Trading

Ryno 073 268 7565 | Keith 083 280 9943
ryno.dupno@gmail.com | petzerks@gmail.com
PRYSE SLUIT NIE BTW OF AFLEWERING IN NIE

BKB LOUWID

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE



Vir kraalbesprekings en inskrywings skakel Piet Boshoff : 083 210 7135
Posbus 220, Frankfort 9830 | Tel: 058 813 1071
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
www.bkb.co.za
Reg. No: 2005/026173/07

Waar sake elke keer, die eerste keer reg gedoen word!

POSTNET 2 DOOR
FROM OUR STORE TO ANY STREET ADDRESS
058 853 0006
064 988 6078 heilbron@postnet.co.za
POSTNET HEILBRON

# SKENK BLOED HIERDIE FEESSEISOEN




Gee die geskenk van lewe hierdie feesseisoen en skenk bloed.

Skenk bloed in Heilbron
**Dinsdag, 23 November 2021**
**NG Suid Kerksaal**
**13:00 tot 18:00**

Help SANBS om meer lewens te red hierdie feesseisoen.
Jou bloed red lewens.

# KEN JY DIE ANTWOORDE?

Die breingolwe het behoorlik deur die rooi sitkamer gedans soos die Huppel Trippel Klub vasvra gehou het. Kyk 'n bietjie of jy hulle vrae sou kon antwoord...

Hoeveel is die meeste kere wat jy enige grootte stuk papier kan vou?

In watter 2 sportsoorte word gepraat van 'n NELSON?

Wat is die totaal van die aantal kolletjies op 'n dobbelsteen?

Watter 5 Bybelboeke het elkeen net EEN hoofstuk?

Hoe diep is die diepste plek in die see? (Mariana-trog in die Stille Oseaan)

Van al die tekens in die Diereriem is 1 nie 'n lewende wese nie. Watter een is dit?

Kon ons jou vasvra? Ons het 40 vrae in hierdie trant gehad. Jy is welkom as jy volgende keer wil kom saamdink, -raai, of -speel. Ons beplan 'n heerlike piekniek vir ons volgende saamkuier op 23 November.



Ngwathe

Gemmenskapslede van Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit.

Kantoor van die munisipale Bestuurder
Posbus 359
PARYS

Die Munisipale Bestuurder van Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit, lig hiermee die gemeenskap van die Munisipaliteit van die **Eerste VERGADERING van NGWATHE PLAASLIKE MUNISIPALITEIT na die 2021 November 01 verkiesings**, wat soos volg geskeduleer is:

**2021 NOVEMBER 23**
**OM 11:00**

In Master Nakedi Indoor Sports Center, Parys.

**BW KANNEMEYER**
**MUNISIPALE BESTUURDER**
**16 NOVEMBER 2021**

Ngwathe

Ho baahi le ditho tsa Mmasepala wa Ngwathe.

Kantoro ya motsamaisi wa masepala
Lebokoso la Poso 359
PARYS

Motsamaisi wa Mmasepala wa Ngwathe o memela baahi kopanong ya Pele ya Lekgotla La Ngwathe kamora dikgetho tsa bo Mmasepala tsa 01 Pudungwana 2021 e tla tshwarwa ka tsela e latelang:

**23 PUDUNGWANA 2021**
**KA 11:00**

Ka moahong wa Master Nakedi Indoor Sports Center, Parys.

**BW KANNEMEYER**
**MOTSAMAISI WA MMASEPALA**
**16 PUDUNGWANA 2021**

Ngwathe

To Community members of Ngwathe Municipality.

Office of the Municipal Manager
P.O. Box 359
PARYS

The Municipal Manager of Ngwathe Local Municipality hereby informs the community members of the municipality about the **First Meeting of Ngwathe Local Council after the 01 November 2021 Local Government Elections** which will be held as follows:

**23 NOVEMBER 2021**
**AT 11:00**

In the Master Nakedi Indoor Sports Center, Parys.

**BW KANNEMEYER**
**MUNICIPAL MANAGER**
**16 NOVEMBER 2021**

POSTNET HEILBRON

CRIMINAL RECORD CHECKS
NOW AVAILABLE AT
POSTNET HEILBRON

- STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
- PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
- PRIORITY - 2 HOURS – R395.00

Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.

POSTNET Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za


SPAR Rewards
ONS HET die KERSFEES BESPARINGS WAT JY VERDIEN!
met gratis
INKOPIES VIR 1000 KLANTE
ELKE DAG
TOT 5 DESEMBER 2021
Gebruik net jou SPAR Rewards-kaart by die betaalpunt en WEN dalk
OP DIE PLEK!
SPAR
Bakers Tennisbeskuitjies Verskeidenheid 200g
KOOP ENIGE 2 VIR 30 00
SPAR Vars Melk met Verlengde Raklewe Volroom of Lae-Vet 2 Liter
KOOP ENIGE 2 VIR 50 00
Fanta, Sprite, Stoney Gemmerbier of Spar-Letta Reeks 1,5 Liter
KOPP ENIGE 2 VIR 25 00
SPAR 100% Vrugte-Sap Versnit Verskeidenheid 1 Liter
KOOP ENIGE 2 VIR 30 00
Enterprise Rooi-, Gerookte- of Varkvrye Weense Worsies 500g
29 99 per pak
Bokomo Weet-Bix 450g
23 99
Vaseline Vloeiroom of Room vir Mans of Vroue Verskeidenheid 400ml
Kry R3 af
Rewards-klante betaal 31 99 elk
Spekko Halfgaar Langkorrelrys 2kg
26 99
Bobtail Droë Hondekos (Puppy ingesl.) Verskeidenheid 5,5kg – 8kg
139 99 per pak
0860 313 141
*Maksimum van 10 e-Koepons per klant vir elke SPAR Rewards produk wat hier vertoon word.
Kerf en Sny
Soos 'n MeesterSjef
en kry tot 80% AF
KOOP
VERSAMEL
SPAAR TOT 80%
SPAR
Beskikbaar by uitgesoekte SPAR, SUPERSPAR en KWIKSPAR winkels (SPAR Express-winkels uitgesluit) vanaf 15 November tot en met 21 November 2021, terwyl voorraad hou.
Ons behou die reg voor om hoeveelhede te beperk. Nie beskikbaar in die Upington en Keimoes area, KwaZulu - Natal, die Laeveld of Belfast en die Wes of Oos - Kaap.
TV produkte landwyd beskikbaar. Pryse sluit BTW in. Foute en Weglatings Uitgesluit (F&WU)

# WEEK SES-EN-VEERTIG VAN 2021



## UIT DIE PEN

Die skool se Prysuitdeling was 'n jaarlikse hoogtepunt. Tradisioneel was die funksie deur oom Louis aangebied. Hy was nie noodwendig 'n oom nie, maar almal het hom so genoem.

Oom Louis was 'n legende: maer, stokkerige figuur, briljantslim en baie kunstig. Hy kon die mooiste doodle-prentjies gedurende vergaderings teken, nog voordat dit mode was.

Elke klasonderwyser was verantwoordelik vir die beste presteerders se name en die statistieke. Elke vakonderwyser moes die beste presteerders in hul onderskeie vakke kry, en so ook elke sport- en kultuurafrigter. "En dames en here, hierdie foute kan nie agterna reggemaak word nie."

Oom Louis het die lyste gekonsolideer en dit weer aan elke persoon teruggegee. Die lyste is gekontroleer, en weer en weer want, "En dames en here, hierdie foute kan nie agterna reggemaak word nie."

Ten spyte daarvan was daar jaarliks 'n fout: soms klein en soms reusagtig. Die personeel moes dit keer op keer ontgeld.

Wanneer die personeel tevrede was dat die regte name met die regte prestasies uitgesoek is, is al die name en prestasies, tesame met die jaarverslae van die skoolhoof (van nou af word na hom verwys as Die Meneer), die matrone van die koshuis, die man wat die hekke oop-en toe sluit, die ene wat die gordyne ooptrek en die persoon verantwoordelik vir die lekkerruikgoed in die toilet in Die Boek gebind.

En ja bostaande is eintlik 'n groot lieg, maar daar was 'n hele swetterjoel verslae in Die Boek. En dan word daar net 'n sekere hoeveelheid van Die Boek gedruk: vir die personeel wat op die verhoog sit en die prysuitdeling behartig, vir die Meneer wat in die gehoor sit, die voorsitter van die beheerliggaam, die gasspreker en dan nog so paar ekstra.

Die Boek was nie vir almal se oë nie.

Maar dit was die agter-die-skerms pret wat ons nie maklik met ander gedeel het nie.

Gewoonlik was daar eregaste by die prysuitdeling: die persoon wat die verrigtinge open (dit was een jaar ek, maar net vir 24 uur: die Meneer laat weet my toe dat hulle iemand anders gekry het wat 'n regte dominee is. Jinne, en ek was so opgewonde oor my boodskap).

Soms was daar 'n spreker: een van die oud-leerlinge wat 'n kort toesprakie kom hou. Die Meneer het kans gehad om min of meer dieselfde toespraak as die vorige jaar te lewer. Hier en daar bietjie verander, maar die res van die toespraak was dieselfde. Nà die Meneer het die voorsitter van die beheerliggaam aan die woord gekom. Soms het die man 'n roerende toespraak gelewer, maar meestal was dit baie vervelig.

Behalwe vir die deelnemers, was daar ook 'n paar eregaste. Hoekom die mense eregaste moes wees, sal ek nie weet nie.

Die skool het jaarliks 'n toekenning aan iemand vanuit die gemeenskap gemaak, die honoris causa, maar ons Meneer het verbete aangehou om dit die "honoris crause" te noem. Diegene was ook deel van die eregaste, so ook sommige van die buurdorpe se skoolhoofde. Al die groot kokkedore was daar. Neem in ag dat 'n groot kokkedoor op die platteland nie regtig die grootste kokkedoor is nie. Maar hulle het dit nie geweet nie.

Die program het begin met die pryse vir Grondslagfase, dan Seniorfase. Daarna volg die Hoërskool. Kort op hulle hakke het die sport- en kulturelepryse aan die beurt gekom. Met pouse tussen die twee helftes.

Aan die einde van die aand word die leerlingraad (tans genoem die VRL) aangekondig. Een jaar is die Meneer se dogter as hoofdogter aangewys, en ek het skoon skaamgekry toe ek hoor hoe haar klasmaats haar "boe!" Maar niemand het iets gesê of gevra nie.

Ons is wel 'n paar dae daarna ingelig dat die stemme reg getel was en verseël is. Min of meer slegs 'n hofbevel sou hom kon oorreed om die stemboks weer oop te maak. "En dames en here, hierdie foute kan nie agterna reggemaak word nie."

Gedurende pouse kon al die eregaste peusel aan die lekkerste teegoed: fyn botterbroodjies, eclairs, klein souttertjies, goetertjies op stokkies. Dit wat oorgebly het, het die sekretaresse in haar plastiekbakke gepak en huis toe geneem.

Een jaar het Lelanie en haar span 'n plan gemaak: Iemand het tydens die etery 'n venster oopgemaak. Met die begin van die tweede helfte van die prysuitdeling sorg die span dat Leana versigtig deur die venster klim. Leana is 'n lank en lenig, en min of meer die enigste een wat deur die venster kon pas. Sy gee die hompe verversings aan vir die span personeel wat hongerig buite wag. Terwyl die res van die skool in die saal is, salig onbewus van die etery.

Die sekretaresse was die volgende dag vurig ontsteld oor die stoute koshuiskinders wat al die kos gaan steel het. Sy weet nou nog nie dat dit die onderwysers was nie.

Die Meneer besluit dat die prysuitdeling tweetalig aangebied gaan word. Die Boek moet ook tweetalig wees. Hy laat paragrawe van sy tradisionele toespraak in hogere Engels vertaal deur die Engelse onderwyser. Die onderwyser het 'n kort oefening met die Meneer om seker te maak dat hy die woorde korrek kan uitspreek.

Die Meneer is tevrede met die vertaling, maar besluit om van die Afrikaanse dele in sy toespraak sommer so in die hardloop in Engels te vertaal. Groot fout: Hou in gedagte dat Engels vir hom nie 'n tweede taal was nie, maar 'n vreemde taal.

Meneer kondig die name van die leerders aan wat erekleure ontvang.

"Now, ladies and gentlemen. The following learners will receive honorary clothes." Diegene in die gehoor wat steeds wakker was, het geproes, maar niemand het dit gewaag om hardop te lag nie. Dit kom daarvan as jy nie die draaiboek wil volg nie.

Met die afsluit van die verrigtinge word 'n ieder en 'n elk bedank en 'n veilige reis toegewens.

"We will close with the singing of The Voice." Almal staan plegtig op terwyl ek Die Stem op die klavier uittokkel. Ek weet nie hoeveel mense het saamgesing nie.

"En dames en here, hierdie foute kan nie agterna reggemaak word nie."

# HEILBRON VOORTREKKERS AFSLUITING

*• Lizané van Zyl*

Donderdag 11 November 2021 het Heilbron Voortrekkers hulle jaareindfunksie gehou. Die laaste twee jaar het die Covid 19 pandemie 'n groot impak gehad op die Voortrekker byeenkomste. Ten spyte daarvan het ons deurgedruk en nog 'n jaar suksesvol afgehandel. Die kinders kon al hulle toekennings ontvang en spesialisasies is verwerf.

Die volgende spesiale toekennings is ook verwerk: Wakker akker PD - Zané van Zyl. Wakker akker Verkenner - Bart Steijn. Wakker akker Offisier - Sarel Cloete. Kommando-jeugleier - Charlize Smit en PD jeugleiers Johannes du Toit en Danelri Mocke.

Die nuwe kommando bestuur is ook aangewys. Dagbestuur: Kommandoleier - Elna Cloete. AKL Admin - Bunny Cloete. AKL Finansies - Corné van der Merwe en AKL Bemarking - Lizané van Zyl. Bestuur: AKL Volwasse Sake - Jackie Wessels. AKL PD sake - Leatitia Mocke. AKL Algemeen - Yolandi Prinsloo. AKL Algemeen - Saretha Pieters. Terrein - Sarel Cloete.

Ons moes ook ons Graad 7 Penkoppe en Drawwertjie groet en hulle is die geleentheid gebied om 'n Vaderlandswilger op die terrein te plant saam met hulle ouers en offisier, Corné van der Merwe.

Deur die jaar is daar hard gewerk en op die naweek van 30 Oktober het hulle hulle Voorslag eksamen afgelê te Doornkloof waar hul weer dit met 'n kamp kon doen na die grendeltydperk. Die PD Voorslag toekenning is die hoogste prestasie wat 'n laerskoolkind kan bereik in die Voortrekkers. Met trots is die volgende prestasies bereik: Paul de Koker - Silwer. Chenelle Engelbrecht - Silwer. MC Pieters - Silwer en JC Pretorius - Goud.

Hulle sit nou hulle Voortrekker loopbaan voort as Verkenners!



*Op die foto vl: MC Pieters, Elna Cloete, Chenelle Engelbrecht, Paul de Koker, JC Pretorius, Francesca Cooney en Corné van der Merwe.*



*Op die foto vl: Zané van Zyl en Elna Cloete.*



*Op die foto vl: Bart Steijn en Elna Cloete.*



*Op die foto vl: Corné van der Merwe en Charlize Smit.*



*Op die foto vl: Sarel Cloete en Elna Cloete.*



*Op die foto vl: Johannes du Toit, Lizané van Zyl en Danelri Mocke.*

GiG
Technologies (Pty) Ltd
Contact us for a free Quotation
Church street 44
Adriaan- 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za
New!!
AJAX Wireless
Smart Home Security Systems





*Op die foto voor vl: Corné van der Merwe, Lizané van Zyl, Elna Cloete en Bunny Cloete. Agter vl: Natalie Ferreira, Leatitia Mocke, Jackie Wessels, Yolandi Prinsloo en Saretha Pieters.*

# KENNISGEWINGS

## NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS

In the **ESTATE OF THE LATE WILLEM JACOBUS PETRUS VAN TONDER, IDENTITY NUMBER: 350507 5011 085,** in life was divorced, residing at Huis Bron-van-Heil, Flat 10, district Heilbron, 9650, Free State, who died on 05/09/2021,
**ESTATE NUMBER: 9356/2021.**
All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (thirty) days from the date of publication.
Signet at Heilbron on 11 November 2021.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

## NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS

In the **ESTATE OF THE LATE AMANDA SMIT, IDENTITY NUMBER: 571231 0015 081,** in life married in community of property to **JAN HENDRIK JACOBUS SMIT,** residing at 30 Tienie Grobler Street, district Heilbron, 9650, Free State, who died on 12/09/2021,
**ESTATE NUMBER: 9612/21.**
All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (thirty) days from the date of publication.
Signet at Heilbron on 8 November 2021.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

## KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 35(5) VAN DIE BOEDELWET

In die boedel van wyle **JOHANNA ELIZABETH POTGIETER, identiteitsnommer 420711 0004 089,** wie oorlede is op 13 Oktober 2015, getroud binne gemeenskap van goedere met **CORNELIUS DANIËL POTGIETER, identiteitsnommer 430713 5002 082** en woonagtig was te Wilsonstraat 2, Reitz, **boedelnommer 001832/2016**.
Ingevolge Artikel 35(5) van die Boedelwet, Wet 66 van 1965 word hiermee kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogenoemde boedel in die kantore van die Meester te Bloemfontein en Landdroskantoor te Reitz vir 'n tydperk van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae lê vir alle persone wat daarby belang het.
**CHRISTIE VAN WYK**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 26**
**POSBUS 98**
**REITZ**
**9810**
**TEL: 058 863 3468/9**
**FAKS: 058 863 3467**

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE JOSEPH SCHOEMAN, IDENTITEITSNOMMER: 380204 5009 087** in lewe 'n pensioenaris, woonagtig te CONVENTIONSTRAAT 27, REITZ, 9810, getroud Binne Gemeenskap van goedere met **CHRISJAN ANDRIES SCHOEMAN, IDENTITEITSNOMMER: 401202 0048 089.**
**DATUM VAN AFSTERWE:** 26 Junie 2018
**BOEDENOMMER:** 008250/2020
KENNIS GEKIED HIERMEE dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, BLOEMFONTEIN, en die Landdros te Reitz vir 'n periode van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan.
Kennisgewing vir publikasie: 19 November 20121.
**PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR**
**BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**REITZ**
**9810**






## NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS

In the **ESTATE OF THE LATE HENDRIK JACOBUS HEYDENREICH, IDENTITY NUMBER: 41090 5032 080,** in life widowed, residing at Old Mutual Building, Breë Street, district Heilbron, 9650, Free State, who died on 12/09/2021,
**ESTATE NUMBER: 009245/2021.**
All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (thirty) days from the date of publication.
Signet at Heilbron on 11 November 2021.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELAKTE

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van Registrasie Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van Transportakte Nommer **T9788/1993** geregistreer in die naam van **STEFANUS DANIEL PETRUS HAMMAN, Identiteitsnommer 470717 5034 00 4** ten aansien van **Erf 439 PETRUS STEYN, DISTRIK LINDLEY,** Provinsie Vrystaat wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
GEDATEER te BLOEMFONTEIN op hede die 11de dag van NOVEMBER 2021.
**AANSOEKER: WESSELS & SMITH**
**FJ KAPP/rs/G21198**
**YORKWEG 1A**
**WAVERLEY**
**POSBUS 2104**
**BLOEMFONTEIN**
**9300**
**e-pos adres: bloemwess@internext.co.za**
**Kontaknommer: 051-436 1209**

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELAKTE

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van Registrasie Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van Transportakte Nommer T9788/1993 geregistreer in die naam van **STEFANUS DANIEL PETRUS HAMMAN, Identiteitsnommer 470717 5034 00 4** ten aansien van **Erf 437 PETRUS STEYN, DISTRIK LINDLEY,** Provinsie Vrystaat wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
GEDATEER te BLOEMFONTEIN op hede die 11de dag van NOVEMBER 2021.
**AANSOEKER: WESSELS & SMITH**
**FJ KAPP/rs/G21197**
**YORKWEG 1A**
**WAVERLEY**
**POSBUS 2104**
**BLOEMFONTEIN**
**9300**
**e-pos adres: bloemwess@internext.co.za**
**Kontaknommer: 051-436 1209**

## JAARBEPLANNER

**NOVEMBER 2021**
26 & 27 Nov. - NG Kerk Suid - (Gholfdag & Kersmark)

## SCHOOL TERMS 2022

**PROPOSED**
**School open:** 12.1.2022 • **School close:** 17.3.2022
**School open:** 5.4.2022 • **School close:** 24.4.2022
**School open:** 19.7.2022 • **School close:** 30.9.2022
**School open:** 11.10.2022 • **School close:** 14.12.2022






# DIENSTE


**Andries Muller**
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**
Muller Draaiwerke
**MILLING • KEYWAYS**
**ALGEMENE DRAAIWERK**
**MEGANIESE HERSTELWERK**

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R


# TE HUUR


*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
***Hannalie Claassen 079 040 0531***


**Winkelure**
**MAANDAE - DONDERDAE**
07:30 -17:00
**VRYDAE:**
07:30 - 16:30
**SATERDAE:**
08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**

**BLOEDSKENK DATUMS**
Save life Give blood
**23 November**
DONATE BLOOD

Die **Heilbron Herald** se **fabriek** sluit die **16de Desember 2021** en heropen **DV 10 Januarie 2022**.

**Plaas asb. vroegtydig u bestelling vir drukwerk om teleurstelling te voorkom.**

Die Heilbron Herald se winkel sluit die 22ste Desember en heropen DV 5 Januarie 2022.

**Elsstraat 44**
**Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**

# SMALLS

# EIENDOMME


**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
**Vir die beste transaksies en diens**
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Marilize** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***


**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!


## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***


Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn
MARILIZE LOOTS PHOTOGRAPHY
072 180 4113
marilize@mcreativestudio.co.za

# FYNPROEWERS GENIET KERSETE



*Op die foto: Wilanda van Rooyen en Nellien Scheepers.*

Na 21 maande van afsondering het die Heilbron Fynproewers op Vrydag, 12 November 2021 bymekaar gekom om 'n heerlike Kersete saam te geniet. Daar het 'n groot gees van dankbaarheid geheers omdat almal gespaar is en weer saam kon kuier om 'n tafel.

Nellien Scheepers en Wilanda van Rooyen het die gaste met 'n heerlike verwelkomings-drankie en aarbeie ingewag. Lanie Coetser was die spysenier vir die aand en die kos was heerlik en keurig. Alwyn en Izerka Swart het soos oudergewoonte gesorg dat die ete met 'n lekker koppie koffie afgesluit word. Twee nuwe lede, naamlik Connie en Marina van Niekerk, is ingehuldig.

Die volgende byeenkoms sal die jaarlikse Verrassingsaand vroeg in Februarie 2022 wees. Die Fynproewers wens almal 'n baie Geseënde Kerstyd saam familie en vriende toe.



*Op die foto vl: Jeff Roos (Bestuurlid), Connie en Marina van Niekerk (Inhuldiging as lede van Heilbron Fynproewers) en Alwyn Swart (Bestuurlid).*

# COVID BUIG SY KNIE BY ROLBALKLUB

Die Covid-epidemie wat die land vir meer as 'n jaar onder sy knie het, is verlede Donderdag by die rolbalklub 'n regter opstopper toegedien. Die negatiewe het plek gemaak vir spelers en toeskouers (asook kinders) wat gelag, gekuier en 'n samehorigheid geopper het wat die lewenslus van die mens weer te voorskyn gebring het!

Regso, want dit is waaroor die lewe gaan!

Dit was die finale eindstryd van die besigheidsliga wat die klub aangebied het!

Heilbron het die afgelope jaar vir die gemeenskap geen samekoms aangebied waar daar gees gebou kon word nie. Welgedaan aan die klub, dit was puik aangebied en almal was wenners.

Dit is moeilik om te beskryf hoe 54 spelers meegeding het, almal jong mense uit die sakesektor en ondersteun deur hul familie en vriende. Kinders het oor die bane gehardloop met ma's en pa's wat hulle keer om nie die spel te onderbreek nie, want daar word ernstig gewedywer.

Dit is hoe 'n gemeenskap ontspan en die Covid afskud!

Rolbal het seker baie vriende en nuwe entoesiaste vir die spel bygekry as geoordeel word aan die ontspanne atmosfeer. Daar word verseker na rolbal uit 'n ander hoek gekyk – nie meer die "ou mens" spel waar daar spelers met wit uitrusting en stroewe gesigte in stilte op en af loop nie.

Daar word tans in baie veranderlike tye gelewe – die natuur bring vir ons die keuse – ontspan, swaarmoedigheid, en rus.

Alle dinge het rus nodig - die diereryk, voëls, mens en selfs die blomme maak hul oë saans toe.

***Time gentlemen!***
***Tom Watson***







*Die wenner van vanjaar se besigheidliga was die span van Heilbron Gholfklub vl: Eben Stander, Jurie Jonker, Jackie Leonard en Christelle Lourens. Saam op die foto is JC en Dolly Pretorius, nuwe lede van die Rolbalklub.*











# BREAK THE SILENCE ON SEXUAL OFFFENCES

*• Heilbron Clinic*

**Policing of sexual offences**

New sexual offences legislation came into operation on 16 December 2007. As a result, a number of new offences have been created, including offences committed with or against child victims or mentally disabled victims.

**What is a sexual offence?**

Sexual offences include -

- rape, which can be committed by a male or a female - while the victim may be a male or a female;
- sexual assault;
- compelling or causing persons 18 years or older to witness sexual offences, sexual acts or self-masturbation;
- exposure or display of child pornography to persons 18 years or older;
- engaging the sexual services of persons 18 years or older; and
- trafficking in persons for sexual purposes.

**What other protection does the Act provide?**

The Act specifically protects children and mentally disabled persons against the following offences:

- Sexual exploitation
- Sexual grooming
- Exposure or display of pornography.
- Using children or mentally disabled persons for pornography or benefiting from it.
- Compelling children to witness sexual offences or sexual acts.
- Exposure or display of genital organs, anus or female breast ("flashing).

**Prevent the commission of sexual offences**

When you are outside vulnerability increases -

- in dark and deserted places;
- at night;
- if you look vulnerable (for example, walking alone at night, while drunk);
- if you are lost or you do not know where you are going;
- if you do not lock the doors and close the windows of your vehicle;
- if you talk to strangers;
- if you stop for stranded vehicles or people; or
- if your vehicle is faulty and you stop for help.

**Protect yourself and members of the community by**

- observing your surroundings;
- being alert at traffic lights and stop streets;
- walking close to the pavement and facing the on-coming traffic;
- keeping to well-lit areas or close to other people;
- not taking a ride with a stranger;
- not offering a ride to a stranger; and
- carrying a whistle that you can blow if you need help.

**Protection at home**

- Do not allow a stranger into your home. even if the person is delivering a parcel or providing a service, ask for identification or phone to verify his/her identity.
- Invest in the best locks and security you can afford.
- Never tell anyone that you are alone at home and make sure children also know not to do so.
- Know your neighbours and plan together on how to act in a crisis.
- Know your local police station and discuss safety matters with the police.
- Be part of local crime prevention efforts with the community policing forum or the police.

**Protection while being on a date**

- Do not allow anyone to touch you in a way that makes you feel uncomfortable - be firm and clear, and say NO!
- Do not leave a party or social event with someone you do not know or have just met - say NO!
- Ask a friend for help if someone ignores you when you say NO!
- Do not leave drinks or food unattended in public places.

Remember: a rape victim often knows the perpetrator. You have the right to say NO!

**If you are in danger of being raped**

- Try to stay calm. Common sense is your best defence.
- You cannot always defend yourself and your resistance may cause serious injury to yourself.
- If the attacker is dangerous, cooperate and try to negotiate. Submission is not consent.
- Remember what the attacker looks like - age, race, height, hair colour, scars, tattoos, clothes, voice or jewellery.
- Scream, yell, blow your whistle or run away if you can.
- Do not bath or change your clothes, afterward. It may contain evidence that may help the police in the investigation.

Report the crime to the police immediately. Go to the police station or phone 10111.

**After a rape**

- Victims respond differently, but get help to assist you to cope with the trauma.
- You may feel -

• dirty and want to wash repeatedly;
• scared and afraid to go out;
• that it is your fault and that you are guilty; or
• anxious and, as a result, you cannot sleep, have nightmares, cannot eat, cannot stop crying or that you want to forget the experience and get on with your life.

None of these responses are unusual or unnatural - remember that there are services available to assist you, including Victim Support programmes, psychologists, counsellors, health care professionals or social workers, employers, friends, family or church members. Request the member dealing with your case to recommend someone to help you.

**What will happen when you report a sexual offence to the Police?**

A police official will take your statement. You are allowed to have a person on your choice present to support you during the interview.

If you later feel that your statement is incomplete, you can make another statement.

You can make your statement in your own language (if it may be translated).

You have the right to request a copy of your statement. It may sometimes not be possible to get a copy immediately.

The member will provide you with a case number and you must use this number whenever you want information about your case.

If necessary, the investigating officer will make sure you are examined by a health care professional, who will complete a medical report and collect medical evidence.

If you came into contact with the blood, semen or vaginal fluid of the alleged offender during the commission of the sexual offence, you may have been exposed to the risk of being infected with HIV.

In such a case, the member will

- provide you with a copy of the Form SAPS 580(a)

(Notice of services available to victim); and

- inform you, in accordance with that Notice

• of the importance of obtaining post-exposure prophylaxis (PEP) for HIV inflection without delay but within 72 hours after the offence was committed
• that the PEP will be administered at state expense at public health establishments
• that you will receive free medical advice and assistance on the administering of the PEP prior to the administration thereof;
• Of the need to obtain medical advice and assistance and
• that you or an interested person/s may apply for an order at the Magistrate Court compelling the alleged offender to undergo an HIV test at state expense.

You must make sure that the investigating officer has your details to contact you at all times.

**Contact details:**

• Local police station
• SAPS Emergency Line 10111
• SAPS Family Violence, Child Protection and Sexual Offences Unit 012 393 2071 or 012 393 2363
• SAPS Crime stop 08600 10111
• Women Abuse Helpline 0800 150 150
• Childline 0800 055 555
• AIDS Helpline 0800 012 322 or Esselen Clinic 011 725 6710

# SMALLS

## KENNISGEWINGS

**KENNISGEWING AAN KREDITEURE**

In die gesamentlike boedel van wyle **PETRONELLA CATHARINA SUSANNA WILKEN**
IDENTITEISNOMMER: **430221 0051 088**
VAN: **HUIS BRON-VAN-HEIL, HEILBRON**
WIE OORLEDE IS OP: **30 JULIE 2021**
EN NAGELATE EGGENOOT: **MARTHINUS PETRUS WILKEN**
IDENTITEITSNOMMER: **390211 5001 087**
HUWELIKSTATUS: **GETROUD BINNE GEMEENSKAP VAN GOEDERE MET MEKAAR**
BOEDELNOMMER: **9152/2021**
Alle persone wat vorderinge teen bogemelde boedel het, word aangesê om bedoelde vorderinge binne 30 (Dertig) dae vanaf datum van publikasie hiervan by ondergetekende in te dien.
**PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING**
**ELSSTRAAT 47**
**POSBUS 58**
**HEILBRON, 9650**
**VERW: PPvdM/ne**
**TEL: 058 852 2041**
**E-POS: merlaw@phillaw.co.za**

## BRIEWE VAN ONS LESERS



***Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell. In haar laaste briefie wat sy aan Heilbron Herald gerig het, bedank sy almal wat betrokke was by die Huis Bron-van-Heil basaar wat op 30 Oktober plaasgevind het. Sy is die 4de November 2021 oorlede.***



Hoe jammer dat ek hierdie keer nie by ons basaar was nie. Vir my was 'n basaar nog altyd 'n aangename byeenkoms! Ek glo dat dit hierdie keer, soos gewoonlik, 'n groot sukses was, met al die wonderlike staatmakers, hetsy met al die bydraes, asook finansiële ondersteuning. Ek verstaan dat die bydraes puik was! Baie dankie aan al die omgee-mense dit word waardeer. Sonder julle almal, kan 'n basaar nie 'n sukses wees nie. Die vleis en wors was ook heerlik!

Nogmaals baie dankie

Van tannie Heléne Howell

# STRYD VIR EERSTE PLEK SORG VIR BRILJANTE KRIEKET

Route 66 het goeie kolf vernuf getoon en het 220 lopies aangeteken in hul 20 beurte.

Heilbron het wel 6 paaltjies platgetrek en daar was ook 'n briljante vangskoot van Ali Rao.



Route 66 se gedugte boul aanval het dit baie moeilik gemaak vir die kolwers, met die gevolg dat Heilbron vasgeval het teen hulle. Heilbron kon wel daarin slaag om 139 lopies aan te teken met verskeie groot sesse wat geslaan is.

Kolf syfers as volg:
1. Irfan Arshad 47
2. Pieter Baan 28
3. Rudi Bruwer 27

Volgende wedstryd vind plaas 27 November 2021 teen Vereeniging te Heilbron Hoërskool om 14:00.

**2nd League log standing**

| Club | Played | Won | Lost | Drawn | Points |
|---|---|---|---|---|---|
| Route 66 CC 2nd | 4 | 4 | 0 | 0 | 20 |
| Meyerton CC 2nd | 4 | 3 | 0 | 1 | 17 |
| Heilbron CC | 5 | 2 | 1 | 2 | 14 |
| Vanderbijlpark CC 2nd | 5 | 2 | 2 | 1 | 12 |
| Vereeniging CC 2nd | 4 | 2 | 1 | 1 | 12 |
| Rust ter Vaal CC | 4 | 1 | 2 | 1 | 7 |
| Sasolburg CC 2nd | 4 | 1 | 3 | 0 | 5 |
| Old Vaal CC 2nd | 4 | 0 | 3 | 1 | 2 |
| Sharpville CC | 4 | 0 | 3 | 1 | 2 |

# PRESIDENT SE TROEPE TE STERK

Gesonde kompetisie bring die beter sportman in jou uit. Gerrie Muller het sy span Saterdag van die begin af gelei tot hulle oorwinning in die President- en Kapteinkompetisie. Hy wen ook die HBA maandbeker nadat hy en die visekaptein in 'n valbylstryd gewikkel was. Die Presidentspan het met 8 punte teen 6 in die kompetisie geseëvier. In die dubbelputjiespel kompetisie wen John Watson en Julyan Bruyns vir Willie Pretorius en Johan Nelson.

Reëlings vir die Prestigedag is in plek en 'n vol veld van 68 spelers word volgende Saterdag verwag. Juan Boucher en die manne van die Weber-span gaan die aand sorg vir vermaak en daar gaan moontlik ook 'n paar oud-Springbokke teenwoordig wees. Die aand se verrigtinge is beperk tot kaartjiehouers alleenlik.

Ds. Willem van Schalkwyk, een van die klublede, was die afgelope week in 'n motorongeluk op die Sasolburgpad en het genadiglik geen ernstige beserings opgedoen nie.

Môre sal daar gewone spel wees, inskrywings is vanaf 11:00.




*Die Kaptein, Eben Stander (2de van links) skud die President en wenner, Gerrie Muller se blad na die Presidentspan se oorwinning. Jackie Leonard (links) was tweede in die dag se kompetisie. Wiam Rautenbach (regs) was visekaptein van Presidentspan.*





KOSMOS KOFFIE WINKEL
20 November 2021
9:00-14:00
KOOP N KOFFIE EN KRY N GRATIS MUFFIN
GELEE BY FRAAIHUIS KWEKERY
***KOEKE TERTE QUICHES TOAST BROODTJIES KOFFIE TEE HOT CHOCOLATE CAPPUCCINO KOELDRANKE***







BKB Louwid
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 22 NOVEMBER 2021
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
ARLINGTON Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

DINSDAG - 23 NOVEMBER 2021
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

WOENSDAG - 24 NOVEMBER 2021
MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138
REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

DONDERDAG - 25 NOVEMBER 2021
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

VRYDAG - 26 NOVEMBER 2021
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

BKB LOUWID
www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za